



GEBEDS- JOERNAAL 2026

Oktober – December Uitgawe





DANKIE

Beste Gebedsvennoot

EK dank my God elke maal as ek aan julle dink — en ek bid altyd in al my gebede vir julle almal met blydschap — oor julle gemeenskap aan die evangelie van die eerste dag af tot nou toe.”- FILIPPENSE 1:3-5

Soos ons hierdie laaste gebedsdagboek van 2026 met u deel, wil ons u hartlik bedank vir u getroue ondersteuning van Mission Without Borders deur die jaar. Elke gebed vir die kinders, gesinne, personeel, vrywilligers, kerke en gemeenskappe wat ons dien, was ’n kosbare deel van hierdie bediening.

U gebede versterk dié wat dien, bring hoop aan mense wat swaarkry en berei harte voor om die liefde en waarheid van Christus te ontvang. Al sien ons nie altyd onmiddellik die antwoord op gebed nie, kan ons seker wees dat God die getroue gebede van Sy kinders hoor en daardeur werk.

Soos hierdie jaar tot ’n einde kom, vra ons dat u sal aanhou bid met geloof en verwagting. Laat ons nie moed verloor nie, maar standvastig bly en vertrou dat God ons gesamentlike gebede gebruik om Sy koninkryk uit te brei en lewens te verander. U volgehoue gebedsondersteuning word opreg waardeur en maak ’n blywende verskil.

In Christus,

Mark

MWB SA Direkteur

KOM ONS BEGIN BID >>>

'n Gesin wat hulp nodig
het, Roemenië

OKTOBER

ROEMENIË

01-02

Bid asseblief vir Petru, vir wie ons voorheen ook gebed gevra het. Hy stry teen kanker, maar dit gaan baie beter met hom as voorheen. Bid dat die Here hom sal aanhou versterk en, as dit Sy wil is, genesing sal bring.

03-04

Bid vir ons naskoolse programme. Vra die Here om elke les, aktiwiteit en verhouding te gebruik om die saad van geloof te plant en te versorg in die harte van die kinders wat dit bywoon.

05-06

Dank die Here vir elke borg en ondersteuner wat getrou bid en gee. Deur hul ondersteuning beleef gesinne en kinders regoor Oos-Europa hoop, praktiese hulp en die liefde van Christus.





'n Gesin wat hulp nodig het, ontvang Kersliefdebokse in Roemenië.

OKTOBER

ROEMENIË

07-08

Sonder ons koördineerders sou ons werk nie moontlik wees nie. Bid asseblief vir hulle terwyl hulle organiseer, besoeke aflê, reis en ondersteuning aan ons gemeenskappe bied.

11-12

Bid asseblief vir die voorbereidings vir ons Operasie Kersliefde veldtog, terwyl ons voortgaan om ons bokse van hoop aan ons gemeenskappe te lewer.

09-10

Bid asseblief vir ons personeel terwyl ons begin reël tref vir die winter en Kersfees. Bid asseblief dat ons goedere teen billike pryse kan vind.

13-14

Bid asseblief vir ons sopkombuisprojekte. Dit sal al hoe belangriker word namate die weer kouer word.

15-16

Bid vir die vier kinders wat onlangs gedoop is en hul lewens ten volle aan God toegewy het. Bid dat hulle naby aan God sal bly, ongeag wat op hul pad mag kom.

OKTOBER

BULGARYE

17-18

Bid vir ons personeel in Roemenië, Oekraïne, Moldawië, Bulgarye en Bosnië-Herzegowina. Vra die Here om hul harte en gedagtes te bewaar en hulle te versterk vir die werk waartoe Hy hulle geroep het.

21-22

Bid saam met ons vir diegene wat tans werkloos is. Soos wat ons met gesinne en individue werk, bid ons dat mense finansiële stabiliteit sal kan bereik.

19-20

Bid vir die gesinne wat ons dien en wat reeds hul geloof in Christus geplaas het. Vra God om hulle te help groei in hul geloof, sodat hulle getuies in hul gemeenskappe kan wees en 'n aktiewe rol in hul plaaslike kerke kan speel.

23-24

Dank die Here vir diegene wat vir die gesinne en kinders bid wat ons dien. Sommige moet nog van Christus hoor, terwyl ander bemoediging in hul geloof nodig het. Prys God vir elke lewe wat deur Sy liefde en hoop aangeraak word.



OKTOBER

BULGARYE

Kasandra en haar baba, Bulgarye

25-26

Bid vir ons Street Mercy-bediening namate die weer kouer word. Bid dat God die harte van die mense wat ons ontmoet sal voorberei om Sy boodskap te ontvang en hulle sal trek tot 'n lewensveranderende verhouding met Christus.

29-30

Bid asseblief vir baba Brian. Hy het vloeistof in sy brein en het reeds 'n operasie ondergaan. Hy is tans in die hospitaal in Sofia. Mag God hom volkome genees, hom versterk en aan sy gesin vrede en hoop gee.

27-28

Bid asb vir twee swanger vroue wat deel is van die borgskapprogram in Ognyanovo. Hulle is albei tans siek. Mag God aan hulle vrede en gesondheid skenk, en mag hul swangerskappe vlot en sonder komplikasies verloop.

31

Soos Kersfees nader kom, bid asseblief vir ons Kersbyeenkomste waar ons die geleentheid het om met talle kinders en gesinne te ontmoet. Bid dat harte oop sal wees vir die Goeie Nuus van Jesus Christus.

Sveltana en haar kinders,
Moldawië



NOVEMBER

MOLDAWIË

03-04

Hou asseblief aan om vir die kinders in Moldawië te bid terwyl hulle deur hierdie akademiese jaar vorder. Bid dat hulle die emosionele ondersteuning, aanmoediging en stabiliteit sal ontvang.

01-02

Dank die Here dat ons, deur Sy genade, 400 kinders van skoolbenodigdhede kon voorsien. Bid dat hierdie geskenke deure sal oopmaak om die evangelie te deel en elke kind sal help om die liefde en hoop wat in Christus gevind word, te leer ken.

05-06

Bid saam met ons vir die kinders wie se ouers tans in die buiteland werk. Dit eis sy tol van almal wat daarby betrokke is. Bid dat die gesinne weer herenig sal word.

A woman is shown in profile, looking towards the left. She is holding a blue Bible with the text "СВЯТА БІБЛІЯ" (Holy Bible) on its cover. The background is dark and slightly out of focus, showing a refrigerator with colorful magnets and a white appliance on a shelf.

**“MAAR GOD
BEWYS SY
LIEFDE TOT
ONS DAARIN
DAT
CHRISTUS
VIR ONS
GESTERF HET
TOE ONS NOG
SONDAARS
WAS.”**

ROMEINE 5:8

NOVEMBER

MOLDAWIË

07-08

Hou asseblief aan om te bid vir ons uitvoerende hoof en voorsitters, wat verlede maand vergader het om ons missie en visie te hersien. Bid dat die Here hulle besluite sal lei en dat hulle bo alles na Sy wysheid sal soek.

09-10

Bid vir al die mense wat die evangelie deur ons programme en uitreike gehoor het, maar nog nie Christus aangeneem het nie. Vra God om aan te hou werk in hul harte en die saad wat geplant is te gebruik om hulle na Hom toe te trek.

11-12

Dank God vir al ons toegewyde vrywilligers wat ons gesinne en kinders met liefde en vriendelikheid dien.



NOVEMBER

BOSNIË-HERZEGOWINA

Die Talic-gesin voor hul
huis, Bosnië

13-14

Bid asseblief gedurende hierdie wintertyd vir die beskerming van kwesbare mense, insluitend bejaardes, haweloses en gesinne wat in armoede leef.

17-18

Ons is so dankbaar teenoor God vir ons kollegas, vrywilligers en borge, wie se tyd, moeite en vrygewigheid 'n enorme verskil maak in die lewens van diegene met wie ons werk.

15-16

Bid asseblief dat ons Operasie Kersliefde-bokse nie net in materiële behoeftes sal voorsien nie, maar ook hoop, vreugde en die liefde van Jesus sal bring aan elkeen wat 'n boks ontvang.

19-20

Ons dank God dat ons die kinders wat ons ondersteun, van skoolbenodigdhede en rugsakke kon voorsien om hulle te help om te leer en op skool te floreer. Bid asseblief dat dit goed gaan met hulle almal.

NOVEMBER

BOSNIË- HERZEGOWINA

25-26

Bosnië en Herzegowina het op Sondag, 4 Oktober 2026, sy algemene verkiesing gehou. Bid asseblief vir God se leiding. Bid asseblief vir wysheid vir almal in leiersposisies.

21-22

Bid vir E.D., wat ernstig beseer is in 'n werkplek-ongeluk. Hy het ernstige besering opgedoen en moes chirurgie ondergaan. Hoewel sy lewe nie in gevaar is nie, is daar 'n hoë risiko van permanente gestremdheid.

27-28

Bid vir ons personeel wat elke dag mense regoor Oos-Europa dien. Hulle ervaar uitdagings, ontmoediging en hul eie persoonlike moeilikhede. Vra die Here om hulle te versterk en te bemoedig terwyl hulle met Sy werk voortgaan.

23-24

Bid asseblief vir 'n deurbraak in die oplossing van die ernstige afvalbestuurskrisis. Bid vir wysheid vir die plaaslike owerhede en vir doeltreffende oplossings.

29-30

Bid vir die geleentheid wat ons (Die Suid-Afrikaanse Span) bygewoon het hier in SA en dié wat nog voorlê. Vra die Here om ons span te gebruik as ambassadeurs vir Christus en as pleitbesorgdes vir diegene in Oos-Europa wat Hom nie ken nie.



DESEMBER

ALBANIË

03-04

Bid asb vir die koördinerings van ons aflewering vir Operasie Kersliefde. Bid dat alle praktiese reëlins vlot sal verloop en dat die Here sal voorsien in billike pryse vir vervoer, voorrade en logistiek.

01-02

Bid vir ons universiteitstudente. Dit is 'n belangrike tyd waarin hulle hul oortuigings vorm. Bid dat ons geleenthede sal hê om hulle te bemoedig en hulle te wys op die hoop, waarheid en lewe wat in Jesus Christus gevind word.

05-06

Bid asb vir die koördinerings van ons aflewering vir Operasie Kersliefde. Bid dat alle praktiese reëlins vlot sal verloop en dat die Here sal voorsien in billike pryse vir vervoer, voorrade en logistiek.

DESEMBER

ALBANIË

“Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as ‘n versoening vir ons sondes.” 1 Johannes 4:10

07-08

Bid vir die gemeenskap van Durres Ex Swamp terwyl hulle steeds die gevolge van 'n voorval met 'n dronk bestuurder hanteer. Twee seuns is net voor die somer oorlede. Bid vir ons personeel terwyl hulle emosionele & geestelike ondersteuning bied.

11-12

Bid asseblief vir ons vrywilligers regoor Albanië – vir krag, eenheid en vreugde terwyl hulle ons gemeenskappe met hul hele hart dien.

09-10

Bid asseblief vir ons spanne terwyl ons met die beplanning vir volgende jaar begin. Bid dat Christus in die middelpunt van elke besluit sal bly en dat ons God se leiding getrou sal volg.

13-14

Gedurende die wintermaande stel strawwe weer en oorstromings baie gesinne aan gevaar bloot. Bid asseblief vir beskerming en dat hulpbronne beskikbaar gestel word om die getrefdes te ondersteun.

15-16

Bid asseblief vir die bejaardes wat ons ondersteun en wat dikwels tydens die wintermaande geïsoleerd voel. Bid dat hulle warmte, gemeenskap en liefde sal ervaar, veral gedurende hierdie Kersfeestyd.

17-18

Bid vir ons personeel en vrywilligers terwyl hulle voorberei vir ons Kersbyeenkomste. Bid dat God elke detail sal lei en dat hierdie byeenkomste die goeie nuus van Christus sal bring aan dié wat Hom nog nie ken nie, en dié wat Hom ken, sal bemoedig.

19-20

Bid vir Mission Without Borders terwyl ons na die beste maniere soek om mense in die Oekraïne tydens hierdie oorlogstyd te ondersteun. Bid bowenal dat die evangelie die kern bly van alles wat ons doen.

DESEMBER

OEKRAÏNE

21-22

Bid vir Oekraïne. Bid vir vrede, beskerming en dat baie mense Christus sal leer ken. Vra God om harte oop te maak om die boodskap van die evangelie te ontvang.

23-24

Bid asseblief vir die veiligheid van ons personeel terwyl hulle lang afstande oor moeilike terrein aflê om mense te besoek, insluitend in afgeleë en deur oorlog beskadigde gemeenskappe.



DESEMBER

OEKRAÏNE

Mykosyanchyk familie, Oekraïne

25-26

Bid asseblief vir die talle gesinne wat met siekte worstel. Dit beïnvloed hul vermoë om te werk in 'n tyd wanneer werk reeds skaars is weens die weer.

29-30

Te midde van hoë kostes vir nutsdienste en ekonomiese onsekerheid, vra ons asseblief u gebede vir ons Winterhulp-projekte, waardeur ons gesinne en bejaardes help om hul huise te verhit en warm te bly.

27-28

Die ma en vyf kinders van die G.-gesin van Sarny vra om gebed vir hul pa, wat aan die front is. Bid dat God hom beskerm, aangesien daar baie hewige gevegte by sy stellings plaasvind.

31

Hou asseblief aan om saam met ons vir vrede te bid, ten spyte van die voortdurende vyandelikhede, terwyl ons 'n nuwe jaar binnegaan.



BLY IN KONTAK

ONS VISIE

Lewens wat oor generasies heen verander word, met hoop vir die toekoms.

WWW.MWB-SA.ORG

KONTAK ONS

T: +27 79 826 3630

A: Southdowns Ridge Office Park,
John Vorsterrylaan, Centurion,
Pretoria, 0062

E: mwbsa@mwbi.org
